FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

# Die WAPAD

**STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.**

PUK — IN U LIG

**Hoofredakteur:** F. W. Buytendach; **Besigheidsbestuurder:** D. J. v.d. Merwe;
**Subredakteure:** R. G. Kriel, P. v.d. Merwe, P. Struwig, Mej. F. Venter.
**Sekretaris:** B. Lombard; **Medewerkers:** V. E. D'Arsonville, A. Botha.

Deel II. No. 10. VRYDAG 19 SEPTEMBER 1947. 2d.

# IN HIERDIE LAASTE UITGAWE van 1947:

## 'N AFSKEIDS-WOORD

SIEN BLADSY 3.

:o:

## DIE EVASGESLAG

OP BLS. 2.

:o:

## IS TABANKOELOE DE KLERK-HUIS? NEE!

SIEN BLS. 4.

:o:

## ONS STUDENTE-LEWE ONDER DIE SOEKLIG

OP BLS. 6.

**NEEM DIT HUIS-TOE:**

**„Neem uit die verlede alles wat goed en edel is, en bou daarop u toekoms.. ...**

**...en laat die woorde „verdeel en heers" nooit op die Afrikanervolk van toepassing wees nie."**

**Staatspresident**
**S. J. P. KRUGER.**

*JA, SPORT EN GRAP*
*FLOREER BY ONS,*
*MAAR NIKS WORD SO*
*WAARDEER DEUR ONS*
*AS 'N LIGTE KLEED VAN*
*LUIM EN SKERTS*
*OOR 'N KERN SO HARD*
*SOOS NIKKELERTS.*

## IS 'N STUDENT 'N MENS?

SIEN BLS. 7.

:o:

## BEGIN VAN DIE 3E TAALBEWE-GING

GEDIG OP BLS. 8.

:o:

## SKINDER LEKKER

OP BLS. 9.

:o:

## VAKANSIE-PLIGTE: 'N ERNSTIGE WOORD

BLS. 11.

*AAN ALLE PUKKIES: Sterkte met die naderende eksamens; en daarna 'n aangename en vrugbare vakansie—'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar!*

BIBLIOTEEK
U.K. vir C.H.O.

# JUFFROU. WAT SÊ JY?

Aangesien ek geen digter is nie, sal ek nie in liriese en breeddeinende golfsinne my onderwerp besing nie. Siende dat heimwee en sentimentaliteit my nie bemeester nie, en weens die feit dat mistiese inslag en Oosterse opslag nie 'n deel van my vorm nie, sal my verslag van bogenoemde geslag realisties-pragmatiese tendense inhou.

Alle feite wat vermeld word is versamel deur myself gegrond op persoonlike ondervindinge. Na 'n veel bewoë lewe met vroumense, wat gepaard gegaan het met ystere deursettingsvermoë, veeleisende offers en geslepe diplomasie, kan ek in alle beskeidenheid die volgende omtrent hulle vermeld:

Die inwoners van Thaba 'Nhulu is almal dames (laat ons so hoop.........en glo!) Nie een van hulle haat ek nie, maar tog kan ek nie help om foute raak te sien nie.

Hulle het almal twee hande, twee voete, en sommige het twee kêrels.

Om hulle by jou te laat aanpas is een van die hoogste vorme van die plastiese kuns wat aan die beskawing bekend is. Soos 'n Turkse sigaret, bestaan hulle almal uit dieselfde materiaal, met dié verskil dat sommige beter vermom is as ander.

As jy hulle nie vlei, maak jy hulle suspisieus, maar . . . . daar is net een ding wat die vrou meer haat as vleiery en dit is die gebrek daaraan!

Wil jy met hulle "case", is jy te „vinnig," wil jy nie, gebruik jy hulle vir tydverdryf.

As jy in alle opsigte met hulle saamstem, interesseer jy hulle nie meer nie, maar as jy van hulle verskil en met hulle argumenteer probeer jy (volgens hulle) jou persoonlikheid op hulle afdruk, om sodoende die arme slagoffer haar individualiteit te ontneem.

As jy alles glo wat hulle aan jou vertel, dink hulle jy is dom en as jy nie glo nie, dink hulle jy vertrou hulle nie.

As jy slordig rondloop, het jy geen respek vir jouself of vir haar nie—is jy netjies beskou sy jou as „mamma-se-soet-seuntjie."

As jy rook, lyk dit grootdoenerig, rook jy nie, is jy nie manlik nie.

As jy van die rank-tipe is wat heeldag aan haar vaskleef, begin sy twyfel of jy haar regtig met die regte gesindheid liefhet, doen jy dit nie, beskou sy jou as 'n inwoner van Ysland.

As jy 'n grappie maak, is jy in haar oë goedkoop, is jy op jou plek, is jy 'n suur knol.

Trakteer jy haar baie, probeer jy haar met jou geld wen, neem jy haar nie baie uit nie, is jy suinig. Betaal jy altyd alles as julle uitgaan, verkwis jy jou pa se geld; vra jy haar om jou te help betaal, (aangesien julle albei studente is) is jy vrekkerig.

Vertel jy jou vriende van haar, beswadder jy haar naam; doen jy dit nie, dan is jy skaam om van haar te praat.

So kan ek nog aanhou, totdat boekdele gevul is. Genoeg egter om te weet dat die vrou 'n self-kontradiktoriese wese is, 'n bondel koppigheid, omring deur agterdog.

HOESENAAM.

(Ons vriend het dit ongetwyfeld moeilik gehad.—Red.)

# ONS NEEM AFSKEID

Aangesien hierdie uitgawe die laaste uitgawe van „Die Wapad" vir hierdie jaar sal wees, het die begeerte by my opgekom om een en ander t.o.v. die **ontstaan,** die **bestaan** en die **voortbestaan** van hierdie blad te beklemtoon.

Dit moet altyd in gedagte gehou word dat hierdie blad nie in die lewe geroep is om maar so sonder meer in die mode te wees nie. Inteendeel, dit is 'n skepping wat wortel in 'n diepgevoelde behoefte. Waar die studentegemeenskap in de laaste paar jaar veràl geweldig uitgebrei het en daar persoonlike kontak as gevolg hiervan haas onmoontlik geword het, moes 'n weg gevind word om die samehorigheidsgevoel—wat die studentelewe van hierdie inrigting nog altyd gekenmerk het, te **beklemtoon** en te **handhaaf.** M.a.w. die doel van die blad kom eintlik daarop neer dat dit 'n weerspiëling moet wees van die verskillende aktiwiteite in die studentelewe en in samehang daarmee 'n suiwer **Calvinistiese** klank moet laat hoor ooreenkomstig ons leuse: **„In U lig."** In die volle besef van hierdie doelstelling het „Die Wapad" dus 'n moeilike dog aangename taak om te verrig.

Die grondslae van die blad is verlede jaar op bekwame wyse gelê en vanjaar is daarop voortgebou. Dit is natuurlik veel makliker om op 'n stewige fondament voort te bou as om so'n fondament self te lê. Daarom is **dit** dan ook, soos dit op die oomblik daar uitsien, niks anders as 'n weerspieëling van die stewige fondament wat deur ons voorgangers gelê is.

Daar is in die loop van die jaar heelwat veranderinge aangebring. Eers is die eentonigheid verander deur letters te gebruik van verskillende grootte—iets wat die aandag van die leser(es) noodwendig meer moet prikkel, later is ook die vorm van die blad verander in 'n kleiner, beter hanteerbare formaat. Al wat nou nog kan volg is uitbreiding—en dit is die taak van hulle wat in die toekoms belas sal wees met die uitgee daarvan.

Wat die vorm en voorkoms betref, kan altyd na gelang van smaak veranderings aangebring word, maar wat steeds vasgehou moet word is dat ongeag die feit dat die „gebou" van „Die Wapad" met die loop van tyd hoe langer hoe meer sigbaar sal word, die **sement** van hierdie „gebou" steeds moet bly: die **Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.** Hiervan het soveel die **verlede** en die **hede** van die blad betuig—en dit moet ook die **klank** wees wat die nabye en verre **toekoms** daarvan sal kenmerk. Dan alleen het hierdie blad 'n toekoms aan hierdie inrigting en slegs dan kan dit aan sy doel beantwoord.

'n Woord van opregte dank aan die redaksie en administrasie vir hulle bystand en offervaardigheid. Aan Mnr. **R. G. Kriel,** wat as redaksielid my in die loop van die jaar tot in die kleinste besonderheid bygestaan het, my opregte dank en waardering. As nie-redaksielid het **Mnr. Ferguson** 'n groot aandeel gehad aan die veranderings wat in die loop van tyd aangebring is—ook aan hom my opregte dank. Ten slotte, 'n woord van dank aan die studente wat die blad steeds met die regte besindheid ontvang het asook vir hulle opbouende kritiek en aanmoediging. Dit kan ook nie nagelaat word om **Prof. dr. H. G. Stoker** nogeens te bedank vir sy insiggewende artikel oor die Evolusiedwaling nie—u kan verseker wees van ons opregte dank en waardering.

Sterkte aan die redaksie van volgende jaar. Mag u voortbou en stewig voortbou en mag u hierin steeds die volle ondersteuning geniet van die ganse studentegemeenskap.

## ERRATUM.

**In die artikel van prof. dr. Stoker oor die Evolusie-mite, wat in die vorige „Wapad" verskyn het, moet die volgende korreksie aangebring word:**

**Bladsy 6, kol. 2, reël 21 moet lees: „weerlê keer op keer die bewyse vir die Evolusieleer" i.p.v. „weerlê keer op keer die Evolusieleer."**

Ons innige simpatie en meegevoel aan **Mnr. B. Spoelstra** en gesin met die afsterwe van hulle grootvader. Die Here is u versterking en die H.G. u vertroosting.

'n Woord van hartlike gelukwensing aan **Mej. L. Venter**—sy het haar glo by vernuwing aan **Mnr. Bokkie van der Merwe** verbind.


**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

**MILLER EN KIE.,**

**BEPERK.**

VIR WAARDE.

BESOEK ONS

Verskillende Afdelings.

**MATERIALE,**

**GORDYNSTOWWE,**

**KLERASIE EN**

**SKOENE**

**VIR VOLWASSENES EN KINDERS**

*en Bespaar Geld*

**Posbus 75. Foon 197.**

**KERKSTRAAT 119,**

**POTCHEFSTROOM.**

**J. HEIDEMA**

**TEENOOR GEREF. KERK.**

VIR

OLIVETTI

TIKMASJIENE

*UIT „DIE ARGITEK" VAN JULIE* 2347:

# 'N OU FORT BY CACHET

## FONDAMENTE OOPGEGRAWE

**Soos reeds uitvoerig in die pers berig, het die uitgrawings vir die nuwe hoofstasie van die groot nywerheidsentrum Cachet nogal verrassings opgelewer. Eers is op die plek wat tot verlede jaar die eindpunt was van die buslyne na die voorstede Potchefstroom, Boskop en Pampoenspruit, die reste gevind van twee pilare en 'n aantal verroeste ysterstawe—wat volgens Dr. Niemand, die konservator van Cachet se nywerheidsmuseum, eendag 'n s.g. motorhek moes gewees het. En nou is daar tweehonderd tree Noord-Wes van daardie plek fondamente gevind van 'n vir daardie dae taamlik groot gebou, wat volgens Prof. Erasmus (van die Universiteit van Cachet) eendag 'n dameskoshuis was van die ou Universiteit van Potchefstroom; maar wat volgens my net 'n fort kon gewees het—uit die tyd van die Kafferoorlog van 1961—'65, of moontlik selfs 'n ou Voortrekkerfort van Kommandant-generaal A.H. Potgieter.**

### DIE KOSHUIS-TEORIE.

Soos die lesers sal onthou, het **Prof. Erasmus** in die vorige uitgawe van „Die Argitek" die ou fondamente beskrywe, en sy stelling dat dit vierhonderd jaar gelede 'n universiteits-dameskoshuis was, uitvoerig toegelig. Sy vernaamste bewyse was:

1. 'n Ou ysterkissie, wat tussen die reste gevind is, en wat by opening geblyk het 'n paar liefdesbriewe van „Ignatius Walt" en ook 'n poeierkwassie te bevat.

2. 'n Kaart van die ou Universiteitsgronde, deur **Dr. Niemand** in „Die Wapad" gepubliseer, waarop 'n s.g. De Klerk-Huis aangedui staan op die plek waar tans die ou fondamente gevind is.

**Maar daar is niks om te bewys dat hierdie gebou 'n dameskoshuis was—dit mag vir enige doel gebruik gewees het.**

Al wat ons weet, is dat die Universiteit van Cachet, wat nou reeds meer as 'n eeu lank op uitgestrekte gronde naby Boskop gehuisves is, vroeër die Universiteit van Potchefstroom en nog vroeër die P.U.K. genoem is, en dat die Universiteit van Potchefstroom 'n stuk grond besit het waar vandag Cachet se hoofstasie, stadsaal, nywerheidsmuseum en landdroskantoor staan. Verder weet ons net dat die gebou wat vandag as die „studentehuis" bekend staan, tussen die stadsaal en die munisipale biblioteek van Cachet, en wat in die jaar 2216 tot nasionale monument verklaar is, vier eeue gelede 'n manskoshuis van die P.U.K. was en „Ons Huis" genoem is. Al die ander teorieë oor die geboue van die ou P.U.K. is blote spekulasies, en die uiteensetting van Prof. Erasmus in die vorige uitgawe van hierdie blad is wel interessant, maar dit is 'n suiwere fantasie, soos ek hieronder sal aantoon.

### TABANKOELOE IS NIE DE KLERK-HUIS NIE.

Om mee te begin, die Rektor van die Universiteit Cachet, Prof. Dr. Baas van Wyk, het my 'n aantal dokumente uit die Universiteitsargief getoon, wat 'n duidelike lig op die saak werp. Hierdie dokumente is twee handgeskrewe boeke, wat gevind is toe die Universiteitsbiblioteek in die jaar 2307 herbou is: een is 'n dagboek van 'n Mevrou **Pelser** wat in die twintigste eeu geleef het, en wat behalwe **'n aantal baie ekonomiese reseppe** ook persoonlike aantekenings bevat het, waarin herhaaldelik na die P.U.K. se dameskoshuis verwys is—wat daarin egter „Tabankoeloe" genoem is, en nie „De Klerk-Huis" nie. Die tweede dokument is 'n versameling besonderlik **humoristiese en blykbaar ook oorspronklike grappe, deur 'n onbekende skrywer wat homself net „Benoon" noem.** Maar belangrik is die feit dat daarin die dameskoshuis ook „Tabankoeloe" genoem word.

**Dit blyk dus duidelik dat die dameskoshuis van die P.U.K. „Tabankoeloe" geheet het, en nie „De Klerk-Huis" nie, en dat dus die gebou waarvan onlangs die fondamente ontdek is, nie die dameskoshuis van die ou P.U.K. kon gewees het nie.**

### HET 'N SWAK BOUSTYL GEHAD.

Wat was die „De Klerk-Huis egter wel? In elk geval nie 'n studentekoshuis nie.

Om hierdie stelling te bewys kan verskillende gronde aangevoer word. 'n Mens kan b.v. die tot nasionale monument verklaarde „studentehuis" (in die tyd van die P.U.K. „Ons Huis" genoem) beskou, om 'n idee te kry van die bouwyse van die ou koshuise van die Universiteit van Potchefstroom. reeds twee of drie eeue geld hierdie „studentehuis" as 'n voorbeeld van 'n harmoniese, doeltreffende en tog sierlike Afrikaanse bouwyse, wat glo nogal skaars was in die Engelse Tydperk toe die gebou opgerig is. Dit was een van dié geboue wat die Afrikaanse boustyl, soos dit in die Koloniale Tydperk in die Kaap begin is, lewend gehou het—dit bewys bo alle twyfel die goeie smaak en Afrikaanse gesindheid van die Universiteitsowerhede van daardie dae. Hulle wou koshuise hê wat vir hulle studente 'n **tuiste** sou wees, en nie net 'n **woonmasjien** nie.


Dit sou 'n belediging wees vir die nagedagtenis van die ou P.U.K. om aan te neem dat hulle koshuise sou gebou het in die styl van die snaakse, kultuurlose „blokkie-huise" soos daar baie in ons land gebou is in die tweede helfte van die Engelse Tydperk, en wat deur sommiges in daardie primitiewe dae glo „moderne saaklikheid" genoem is.

**Onder hierdie omstandighede kan 'n mens maar die gedagte uitskakel dat die „De Klerk-Huis," met sy onreëlmatige en verwarde bouplan (soos uit die fondamente blyk) ooit 'n studentekoshuis kon gewees het. Bowendien is daar onlangs tussen die ou fondamente reste gevind van 'n soort konkriet-dak, sodat ons die koshuis-teorie van Prof. Erasmus maar na die ryk van die fabels kan verwys.**

Die tweede ontdekking wat in hierdie verband van belang is, is die verrassende vonds van die bekende pedagoog en deskundige op die gebied van Afrikaanse fonetiek, **prof. Burema**, wat in ou argiewe die bewyse gevind het van die bestaan van 'n ou Voortrekkerfort, halfpad tussen Oudedorp en Potchefstroom.

**Hiermee is dus die hele raaisel opgelos. Wat in die dae van die ou P.U.K. die „De Klerk-Huis" genoem is, was 'n ou Voortrekkerfort, gebou in die stigtingsperiode van die dorp Potchefstroom, en blykbaar opgerig deur dieselfde De Klerk waarna Klerksdorp genoem is.**

Die gronde rondom die ou fort het later die P.U.K. gehuisves, en die P.U.Kaners het die Voortrekkerfort



DIE OU VOORTREKKERFORT, CACHET, SOOS DIT GELYK HET NADAT DIT GEDURENDE DIE KAFFEROORLOË VAN 1961-'66 GEMODERNISEER IS. VOLGENS DIE REKONSTRUKSIE DEUR PROF. DR. P. POTGIETER, A.A.I., IN „DIE ARGITEK" VAN JULIE 2847.
(let op die gepantserde ammunisie-opslagplek links van die hoofingang)

## GEBOU WAS 'N FORT.

Om te kan vasstel wat die „De Klerk-Huis" in werklikheid was, moet ons m.i. twee onlangse ontdekkings in aanmerking neem. Die een is van reste van 'n soort baie harde glasteëls wat in die Suid-Oostelike hoek van die fondamente gevind is, en wat na ontleding geblyk het 'n stof te wees wat baie lyk op die Koeëliet waarvan (sedert **ingenieur Trienie Sehein** se bekende ontdekking) teenswoordig die pantsertorings van die Suid-Afrikaanse Vloot se kanonne gemaak word.

Dit laat vermoed dat 'n deel van die ou „De Klerk-Huis" doeltreffend gepantser moes gewees het. As 'n mens hierdie vonds in verband bring met die konkrietdak waarvan ook reste gevind is, en die eienaardige, onreëlmatige bouplan, dan moet 'n mens op die gedagte kom dat die „De Klerk-Huis eendag **'n fort** moes gewees het, gepantser van bo en na die kante teen die projektiele van daardie eeu se kanonne.

liefdevol as 'n gebou van nasionale betekenis in stand gehou. Tydens die Kafferoorlog van 1961-'66 is die ou Voortrekkerfort gemoderniseer, van 'n konkrietdak en by sy Suid-Oostelike hoek (waar blykbaar die ammunisie gebêre was) ook van 'n pansering voorsien, en nadat die Universiteit na sy teenswoordige gronde by Boskop verskuif is, moes die Fort plekmaak vir die ou stasiegebou van Cachet, wat onlangs gesloop is.

Hiermee het ons die vraagstuk van die ou fondamente opgelos, en prof. Erasmus se koshuis-teorie is weerlê.

Ek is besonder baie dank verskuldig aan die Huisvader, **Prof. Koos du Plessis**, en die matrone van die Dameskoshuis, **Mev. Door Wassermann**, vir hul hulp by die navorsingswerk, en aan **Dr. Toetankamen Kruger**, spykeroloog, vir die nougesetheid waarmee hy by die opgrawingswerk na reste van die ou gebou gesoek het wat 'n lig kon werp op die vraagstuk van die herkoms van die ou fondamente.

Besoek die Studente-
en Eg-Afrikaanse Kafee

SONSKYN

★

*Bediening na u Bevrediging*

ELKE DAG VARS.

TURKSTRA'S BAKKERY


BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

*BRUIDSKOEKE*

FOON 282. FOON 282
KERKSTRAAT 37,
POTCHEFSTROOM.

J. HEIDEMA
KERKSTRAAT 30,
POTCHEFSTROOM,
VIR
RALEIGH
FIETSE,
MATCHLESS
MOTORFIETSE.




## INTERVARSITIE.

Nog 'n geskiedkundige dag het gekom en gegaan en vir baie van ons sal dit 'n dag bly met uitstaande herinnerings.

Die Intervasitie as 'n geheel geneem was nie baie geslaagd nie maar die Pukkies het weer met hulle kenmerkende gees voor die dag gekom met die gevolg dat 'n mens eerder sou dink dat die Pukke oorwinnaars was en nie die verloorders nie.

Aan die Korfbalspanne ons hartlike gelukwensing met julle mooi prestasie. Julle het darem aan Pukkies getoon dat julle op hierdie gebied die beste is.

Wat die Jukskei betref kan ons net sê „Kommentaar is oorbodig.” Julle het weereens die hoë verwagtinge van julle gekoester geregverdig. Baie mooi, hou so aan.

Ook aan die Manshokkie geluk met hulle gelykopspel (2—2).

Ons kan ook nie nalaat om ons Navy en O/19 voetbalspanne geluk te wens met hulle spel nie. Julle het albei baie mooi voetbal gespeel en die Navy was beslis ongelukkig om te verloor.

Die Theos het nie so goed gevaar nie maar ook aan hulle ons gelukwense met hulle spel en wonderlike gees geopenbaar. Selfs toe oorwinning onmoontlik was het julle gespeel asof die wedstryd klaar in julle guns beslis was. Julle wonderlike gees geopenbaar is navolgingswaardig en julle voorbeeld sal lank bly voortlewe.

Pukkies jul kon trots wees op julle pragtige gees. Aan die publiek van Pretoria is getoon dat ons 'n pak kan staan soos 'n man. Julle het die naam van julle inrigting hoog gehou en getoon dat hier by ons geen gebrek is aan sportmansgees is nie. Hierin het julle beslis 'n baie groot oorwinning behaal.

Aan alle Klubs wat nie suksesvol was nie kan ons net sê: Moet nie moed verloor nie maar laat hierdie neerlae dien as fondament waarop toekomstige oorwinnings sal rus.

Namens die S.S.B. ons hartelike dank aan Mnr. en Mevr. du Plessis vir hulle opoffering om op te tree as Reisouers. Ons waardeer dit ten seerste.

Daar is egter ook iets onaangenaams en dit is dat sommige van die Pukke die reëlingskomitee lelik in die steek gelaat het. Sonder om kennis te gee het sommige besluit om nie na U.P. te gaan nie afgesien van die feit dat hulle, hul name op die lys geteken het. Pukkies dit is nie mooi nie en ons kan beslis nie trots wees op so'n handelwyse nie. Wat opvallend is, is dat 'n groot aantal van hierdie persone **eerstejaars** is: Aan hulle kan ons net sê ons hoop nie dit gaan julle houding wees gedurende julle verblyf op P.U.K. nie. Sulke persone is hier nie welkom nie.

Namens die S.S.B. sterkte aan alle Klubs in die toekoms. Mag julle neerlae lei tot sukses en julle sukses tot nog groter aansporing en prestasies.

F. S. DU T. MEYERS
(Voors. S.S.B.)

---

## *EN DIE SEE WAS DAAR NIE MEER . . .*

**Oor die mislukking van alle strewe**
**Bly deur eeue 'n vraagteken bewe:**
**Waarom kan wat skoon is nie bly staan**
**En moet al die blomme weer vergaan?**
**Op aarde sal die vraag van ons lippe nie wyk**
**Want die volmaakte word hier nooit bereik;**
**Eers in die ewige harmonie hierna**
**Sal ons die vrae nie meer vra:**
**As die golwegebruis ons nie langer stoor**
**En ons nie meer die stem van die drywer hoor**
**Sal die vrae verdwyn soos môre mis—**
**As die woelende see daar nie meer is..**

**J. P. B. VILJOEN.**

(Mnr. H. A. Mulder, Tukkies se literêre reus, het glo die mening uitgespreek dat hierdie gedig die begin van die derde taalbeweging is.—Red.)

---

As 'n mens let op die getrouheid waarmee sommige studente die praktiese klasse in sielkunde bywoon, dan kom mens tot die gevolgtrekking dat dit geweldig interessant moet wees. Dit is dan ook inderdaad die geval— nie soseer wat die hantering van die instrumente betref nie, maar veral die ander dinge wat tussenin gedoen

KEIN KRUGER.

---

Gert Visser kom by Hennie Vorster se kamer. Op die deur staan daar toe die volgende briefie:

„Gert, ek het gaan sleep. Die sleutel van my kamer is onder die mat vøor die deur.”

* * *

Hein Kruger: „Geluk, Spook!”
Spokie: „Hoekom?”
Hein: „Ek hoor jy het 'n troukaartjie van jou meisie gekry.”

* * *

**Mnr. Gouws** het ter ere van Bacchus 'n nuwe balletdans aangeleer: Hy probeer sy groottoon met elke tree eers in sy mond steek voor hy 'n tree gee op Rissik-perron.

# KORRES-PONDENSIE

Erdvarkgat,
Pk. Miernes,
Tydens die droogte.

Liewe Redakteur,

Ek sien gij averteer Babrooms in die Wapad nou wil ek sommer weet of dit dieselfde is as Mushrooms wat langs ons plaaspad in die skadewee groei. As dit dalkies iets anners is wil ek net weet of gij rekent dit sal goed wees vir my ou kykentjies wat so vrot is van die piep. Antie Foesjee het gesê kienapeper en varkvet is so deentlik davoor maar nou kan ek nie eers selfs by die koelie kry om my ou kinnertjies se wonde uit te was nie—wat nog van varkvet van alle vet. Meraai sê dis glo C.Y.C. wat die vet so skaars maak, en my tjeners vloek nou biedjies te erg.

Ek rekent hulle leer dit by die kjeners op skool want die onnerwysers sal nie swets nie. Meester sê hulle is weledlekyted. As die Babrooms nou vir die piep van die kykens help sal ek dit sommer vir die vloek ok perbeer en sal „gij" aan my, aan die swart hen en aan die kjêners se opvoeding baie goed laat geskied.

Ek dog ek vra toe sommer van die Babrooms.

Met al my groetnis,
SIENA FERIE.

O Ja,
Ek onthou,
Dis Nou.

Hooggewaardeerde Ousie,

Onthou jy nog dat jy vir my gesê het ek moet vir jou 'n olraaiterige ou soek, oordat jy nou al tien jaar ouer is as ek. Ek verjaar mos aankomste week, dan is ek negentien. (Onthou dit tog, want sjeld is baie skaars hier).

Eers kon ek nie soek nie want ek dog dit was ontgroening. Toe het ek gou-gou 'n olraait een raakgesien want dalk is dit een van die dae tweede ontgroening. Hy lyk presies soos jy gesê het hy moet lyk: Mooierig maar slordig—nie 'n Dêndie nie maar 'n Danie—nors maar taktvol, speel nie Theos sodat anner vroumense jou sal lie lê nie en as hy amper nie Nywie kry nie het sy rug ok amper seer gekry met die oefenings.

Sy naam is Dun-da-niee-loff. „Dun" is sommer oor sy skaduwee soos 'n stuk pelounie lyk (vetterig); „Da" is die Latyn en babataal vir „gee"; „niee" is soos Vya iets ontken en „lof" ken jy darm. Lof hou hy ok vir homself.

Nou rekent ek jy en Dun Dêndie sal pas; julle lyk eners en aard namekaar. Daarby is hy nog die jongste van hulle kinders en jy mos weer die ousie. Hy sal seker ook graag wil hê wat hy begeer en ek dink hy soek 'n vroumens.

Ek dag ek sê jou toe maar van hom.

Jou brandarm,
BROERTJIE.

# LEKKER-SKINNER

**Piet Roux** het in Pretoria op 'n uithangbordjie gelees „Albertweg"—hy kon nie dink waar **Albert** heen kon wees nie!

* * *

Die liefdesbootjie van **Hein Riekert** en **Trien Kruger** het glo die **24e Augustus** al anker gelig en verkeer op die oomblik in stormagtige weer in die Noord-oostelike gebied van die Potchefstroomse dam.

* * *

Die gebied van die **Filistyne** word in die later tyd druk besoek met flitsligte gedurende die nag. Onder die besoekendes kan veterane soos **Nassie** en **Manie** e.a. opgemerk word—en hulle flitsligte is nogal taamlik skerp. Hulle opereer miskien 'n beetjie gou—hase wei in die aand alleen op groengras—en diè is daar nog nie!

* * *

As die dames maar net kan weet hoeveel here reeds oor fynuitgewerkte aanslagmetodes vir die nabye toekoms beskik, sal sommige van hulle snags seker minder rondrol op grond van gerustheid en ander weer meer rondrol op grond van ongerustheid en vrees. In alle geval die lente is daar en die aanslae gaan binnekort volg—wees dus maar voorberei!


W. J. GROBBELAAR
DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*
*Helen Curtess Machineless Oil Perm.*
*Jamal Machineless Cream Perm.*
BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.
Potchefstroom.

O.K BAZAAR
(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ———— ens.

O.K. BAZAAR
POTCHEFSTROOM
Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

## *LEKKERSKINNER*

(Vervolg van bladsy 9).

Vanweë die analogie tussen sy gestampte neus en kromhout is **Frik Coetzer** soms opgemerk in die hoedanigheid as verpersoonliking van "Smiling Through."

* * *

Ter algemene inligting kan gekonstateer word dat die spykerologiese „book-office" van **Mnr. Peet van der Merwe** tans op Platbos, P.K. du Plexion gevestig is.

* * *

**Fires** se eie ontwerpleuse is trou aan die karakter van 'n vuur bewoord deur „Skitterend!"

* * *

Die **Sirkus** van die P.U.K. het ten einde vermaaklikheidsbelasting te ontduik die rol opgeneem van 'n belangrike tweedejaar op 'n onlangse J.V. konsert.

* * *

Om foutiewe spykerologiese gissinge te vermy het **Flappie** hom duidelik uitgespreek dat hy behalwe om student te wees in sy vry tyd ook nog studeer—glo U.O.D.

* * *

Ten einde die opheffing van rubberbeheer te adverteer is **Krelie** opgemerk met 'n gomlastiek. Dit is glo 'n toorts.

* * *

**Schalk Robinson** se grootste teleurstelling in optekers is dat mens net twee jaar daarvoor op Varsity bly—dit bring mee dat hy aanstaande jaar met die skrikkeljaar, as die dames die mans moet „skiet," nie meer op P.U.K. sal wees nie. (Vir diè doel sal hy seker maar druip, want dan kan hy terugkom en dalk deur 'n dame gevra wor!)

---

**Die Redaksie wil hiermee sy dank en waardering uitspreek aan Die Westelike Stem Drukkery vir die getroue en deeglike diens wat ons van hulle ontvang het, asook vir die tegemoetkoming aan die dag gelê t.o.v. die ingrypende verandering in die blad. Ons vertrou dat hierdie aangename samewerking tussen Redaksie en Drukker ook in komende jare behoue sal bly.**

## DIE „KEIS" AS REGSINSTELLING.

Aangesien ek nie 'n jurisprudent is nie, terwyl daar verskeie soorte „cases" is, bv. „suitcases," „bad cases," „sad cases," gewese keise en potensiële keise, sal ons sommer almal oor een kam skeer en die benaming „keis" daaraan gee.

'n Keis, net soos 'n huwelik en 'n verlowing, is 'n kontrak, hoewel die geldigheid en afdwingbaarheid daarvan reeds van die vroegste tye af 'n bron van meningsverskil tussen juriste en uitgewers was. Die volgende omskrywing daarvan mag egter dien as leidraad vir ons verdere bespreking van die keis: 'n Keis is 'n ooreenkoms tussen twee persone (by voorkeur verliefdes) waardeur hulle onderneem om iets te gee, of te doen, of om 'n sekere iets nie te doen nie, ernstig aangegaan met die doel om hulle self te bind vir 'n onbepaalde tyd, en in sy samestelling, beoefening of doel nie teenstrydig met die norme van die Reg en Moraliteit nie.

Omdat die grond en fondament van keis die wils- en hartsooreenstemming van albei partye is, en daar 'n bindende verhouding tussen die tweetjies ontstaan, meen van der Keesel in sy „Censura Forensis" dat die keis nie eensydig afgesê mag word nie, tensy (1) die een party uitvind dat die ander reeds of steeds met iemand anders gekeis is; (2) die een party sig nie streng hou by die voorwaardes soos hieronder uiteengesit nie; (3) As die een party weens verandering van omstandighede („mutantionibus factis"), die tussenkoms van 'n interessanter derde ens. ens., die erns van die ooreenkoms minder begin aanvoel. Hierdie is dus wettige gronde waarop 'n keis gebreek mag word.

Soos uit die omskrywlng geblyk het, beloof die tweetjies mekaar drie dinge, waarvan die eerste is om iets aan mekaar te gee. Wat hierdie „iets" presies is, weet geen mens nie, en die wat wel weet, is bang om te sê. Justinianus meen egter dat dit beteken dat die **hart** gegee sal word, eintlik geruil sal word, en dat ons hier met niks anders as 'n blote ruilkontrak te doen het nie. Aangesien liefde, wat ook nogal 'n rol in die keis speel, net soos 'n spoel in donker plekke ontwikkel moet word, is hierdie ander „iets" nog in duisternis gehul.

Tweedens belowe hulle om mekaar iets te doen. Wat hierdie doenery betref, is daar ook nog geen sekerheid nie, hoewel 'n mens daagliks die gevolge daarvan te siene kry. Van der Leeuen (18de eeu) sê die volgende: „Aangesien dit 'n ooreenkoms is wat in sy samestelling ,beoefening en doel nie teenstrydig met die reëls van Reg en Moraliteit mag wees nie, is dit noodsaaklik dat daar slegs binne dié perke ooreengekom word. So mag die paartjie bv. nie ooreenkom om mekaar in die „openbaar te soen, te liefkoos ens. nie." (Van inhaak en omlyf maak hierdie skrywer geen melding

(Vervolg op bladsy 11).

STUDENTE

ondersteun die

SENTRAAL

HAARKAPPERS

LANGS DIE RENDEZVOUS KAFEE.

DIE REDAKSIE WIL GRAAG DIE WENS UITSPREEK DAT ALLE PUKKE GEDURENDE DIE LANG VAKANSIE WAT VOORLÊ,

**TWEE DINGE SAL ONTHOU:**

## DAT

ONS ALMA MATER DEUR DIE PUBLIEK GEMEET SAL WORD

**met die maatstaf van elke Puk se lewe en gedrag,**

EN OOK:

## DAT

ONS VOLK AAN DIE VOORAAND STAAN VAN

**die kritiekste uur van sy geskiedenis,**

## EN

DAT DIT ELKE STUDENT SE PLIG IS OM IN DIE LEDIGE URE EN DAE VAN DIE VAKANSIE TWYFELENDE VOLKSGENOTE NADRUKLIK TE WYS OP DIE DODELIKE GEVAAR WAT DIE BLANKEDOM IN ONS LAND BEDREIG,

***EN OM HULLE REG TE LAAT HANDEL.***

ONS VRA ELKE PUK OM SY UITERSTE TE DOEN IN DIENS VAN DIE VOLKSAAK—

**AS ONS 'N KOFFIE-MET-MELK NASIE WORD,**

**OF DEUR DIE IMMIGRASIE VERSWELG WORD,**

**HET NIEMAND VAN ONS 'N TOEKOMS NIE.**

(Vervolg van bladsy 7).

hom nie deur nie-studente iets wysmaak nie. Hy vergeet dat hierdie ander mense in die praktiese maar doeltreffende leerskool van die lewe miskien tienmaal meer wysheid en prakties behendigheid opgedoen het as hyself. Daarom is hy self altyd graag aan die woord; hy praat en onderwys maklik, maar luister en leer baie moeilik. En moet ook nie dink dat hy hom in 'n kantoor of elders so maklik laat leer en lei deur sy seniors soos gematrikuleerde skoolseuns nie. Werkgewers het dit soms baie moeilik met sulke studente.

**Hierdie houding kan 'n medestudent goed verstaan en begryp. Maar laat ons darem onthou dat die gewone mens so 'n selfvoldane en selfgenoegsame houding verafsku. Vir die student self bring dit ook geen vrug nie. Beskeidenheid ten opsigte van ons kennis en waardigheid is die goue sleutel, veral waar ons in aanraking kom met nie-studente. Ons is nie beter mense as hulle nie; meesal is ons ook gladnie eers so slim soos hulle nie. Al het ons ook watter grade, ons kan by hulle nog baie leer.**

PHILOS.

[Wie voel nie skuldig nie?—Red.]

(Vervolg van bls. 10).

nie, waarskynlik omdat soiets vanweë die hoë morele standaard van sy tyd toe nog onbekend was).

Derdens beloof die paartjie mekaar om 'n sekere iets nie te doen nie. Van regsweë is hierdie „iets" maklik te verklare. Dit beteken dat die paartjie belowe om nie aan 'n ander persoon toe te laat wat hulle mekaar gun nie, of om nie ander persone oor te haal tot dinge waartoe hulle mekaar oorhaal nie. (Vergelyk die Spykersaak van O'Nail v. O'Nail wat in 1936 voor die Geheime Raad in Potchefstroom verhoor is). Hierdie soort ooreenkoms staan in die Reg bekend as 'n ooreenkoms ter uitsluiting van 'n derde, m.a.w. dis 'n monopoliseringskontrak.

Ten slotte moet ons nog net kortliks let op die tydsbepaling in hierdie ernstig aangegane ooreenkoms. Aemilius Papinianus wou dat die keis vir 'n bepaalde tyd aangegaan word, soos bv. vir die duur van die studentejare. Hugo de Groot het hom egter hierin teengegaan met die argument dat hierdie spykermonopolie waarskynlik die studentejare mag oorskrei, of meer waarskynlik mag verval voor die voltooiing van die studies.

P. VAN ZYL AUCAMP,
Baccalaureus Casorum.

(Verkort.—Red.).

## *GELUK!*

Ek voel dit niks minder as gepas om 'n woord van hartlike geluk uit te spreek aan die hoofredakteur en sy redaksie, met die kostelike stap wat hulle geneem het, toe hulle besluit het om „Die Wapad" in te klee soos dit nou verskyn. Veral aangesien dit onder moeilike omstandighede gedoen is is ek seker dat ek namens al die lesers spreek as ek hulle hiermee v[illegible] harte gelukwens. Mag „Die Wap[illegible] die toekoms die regte ri[illegible] ding in ons studentelewe[illegible]

G. H[illegible]

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE
# VIR C. H. O.

OPLEIDING WORD VERSKAF VIR DIE VOLGENDE KURSUSSE:

**LETTERE:** B.A. (groot verskeidenheid kursusse), B.A.-Regswetenskap, B.A.-Sosiale Wetenskap, M.A., D.Litt. en D.Phil.

**NATUURWETENSKAP:** B.Sc., B.Sc.-Huishoudkunde en B.Sc.-Higiëne, M.Sc. Ph.D. en D.Sc. Preliminêre en kwalifiserende Aptekerseksamen.

**OPVOEDKUNDE:** U.O.D., Algemeen, Tegnies en Spesiaal, M.Ed. en D.Phil.

**TEOLOGIE:** B.D., M.Div., en D.D.

**HANDEL:** B.Comm., B.Econ., Staatsadministrasie en Industriële Administrasie, M.Comm. en M.Econ.

Eerstejaarskursusse vir grade in Landbou, Medisyne, Tandheelkunde, Ingenieurswese en Veeartsenykunde. Eerste- en Tweedejaarskursus in Landmeetkunde.

**PAS INGESTEL:** Hoofvakkursusse vir B.A. en B.Sc. in Liggaamlike Opvoeding, Musiek en Bantoetale.

Besonderhede i.v.m. Beurse, Gelde betaalbaar, Losies, Kursusse ens. sal op aanvraag verstrek word deur

**DIE REGISTRATEUR,**
**P.U.K VIR C.H.O.,**
POTCHEFSTROOM.

Ingrypende v
Ons vertrou ι
samewerking
Drukker ook in
sal bly.

Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Vert. Raad.